

**Lees:** Jona 3

**Teks:** Jona 3:5

Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek. (NV)

**Tema:** *In ware geloof in God*

Uiteindelik kom Jona op die plek waar God hom in die eerste plek wou gehad het! Daar is nou nie meer omdraaikans nie!

Hy begin dan ook dadelik preek. Hy word 'n grimmige straatprediker op die pleine van die stad wat net die komende oordeel van die Here oor hierdie groot stad vooruitsê.

### **1. Bkering op grond van één preek**

Wat sou jy maak as hier 'n prediker in Pretoria se strate rondloop en sê: Nog net veertig dae en dan word Pretoria gelyk met die grond gemaak? Die hele land verwoes deur die virus?

- \* Sou jy dink: "Dit is iemand uit 'n sekte. Ons glo nie in sektes nie."
- \* Party sou sekerlik wou redeneer dat dit iemand uit die ou *regime* is wat die land onregeerbaar wil maak?
- \* 'n Paar doempofete uit 'n ou bedeling sou seker wou onderstreep: Ek het julle mos al lankal gewaarsku!
- \* Sou die Kerkraad 'n kerkraadskommissie aanwys om die saak te ondersoek, met subkomitees om al die verskillende aspekte na te gaan, en dan later te besluit?
- \* Party sou wou sê: "Daar is mos nie so iets soos 'n dag van bekering nie. Die kerk is eintlik daarteen ..."
- \* So 'n prediker sou sekerlik dalk nie 'n sinode regverdig nie.
- \* In elk geval is hierdie 'n vreemde prediker en die mense wat naby hom kom sê hy ruik na vis!

Pretoria, en enige ander moderne stad, is maar soos Nineve van ouds. Ons verdien om binne 40 dae verwoes te word. Nie die geboue nie, die mense! Want soos enige ander plek is hierdie 'n stad waar die wil van die Here nie die deurslag gee nie.

- \* Nie onder kerkmense nie: Ons kerkmense mis meesal ware en opregte oortuiging. Vir watter persentasie van ons mense is die wil van God deurslaggewend?
- \* Ook nie onder die ander mense nie: Nie met aborsie wat sy plek inneem en oorvol hospitale nog verder verswaar nie. Ook nie met dronkenskap, bedrog, vleeslike plesier ensovoorts nie. Geweld het nog lank nie gaan lê nie. Daar is ook nie meer daadwerklike verset daarteen nie. Daar het so 'n tipiese laat-maar-vaar-gees posgevat. Rassisme vier hoogty, deesdae in enige rigting.

Hoe dit ookal mag wees: Die mense van Nineve het op grond van een preek geluister! Hulle het 'n oordeel gehoor, 'n oordeel wat hierdie mense dadelik glo, van die eerste dag af al: Almal wat hoor, ook die wat nie hoor nie, het 'n dag van vas uitbasuin. Groot en klein het rouklere aangetrek: Sulke grofgeweefde sakmateriaal waarin slawe gewoonlik verkoop is. Hulle het hulleself vol grond en as gestrooi. Die berig het ook die koning en sy ministers bereik en hulle vaardig dadelik 'n dekreet uit:

7 Hy het in Nineve laat proklameer: "Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie. 8 Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dae bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het." (NV)

Een preek! Hy het dieselfde preek vir drie dae lank van plek tot plek in hierdie ontsaglike groot stad gepreek. In die Hebreeus staan daar letterlik: Dit was 'n groot stad soos vir gode. Dit was 'n baie belangrike stad in die ou tyd, die hoofstad van Assiriese ryk. Dit was selfs groter as Babilon van Nebukadneser.

Een preek! En nêrens hoor ons: Bekeer julle! nie. Nêrens wil Jona iets sê van God se barmhartigheid nie. Hy sê net die minimum, net wat God self vir hom sê om te sê.

## **2. Tot geloof gekom**

In ons teksvers hoor ons: Hulle het in God geglo, hulle het begin glo. Hierdie is een van die min plekke in die Ou Testament waar ons hierdie uitdrukking hoor. Ons hoor dit wel van:

- \* Abraham in Genesis 15 vv
- \* Die volk Israel in Exodus 4 vv
- \* In Job 15
- \* In Psalm 119

In elk geval is hier die enigste getuienis van 'n hele heidense bevolking wat in God glo en hulleself daadwerklik bekeer. Dit is 'n goddelike wonder!

As mens in ag neem hoe vêr van Israel af hulle woon, kon hulle nie meer as 'n vlugtige kennis van God hê nie.

Dit is ook al 'n geruime tyd na die ballingskap. Daar kon nog 'n minderheidsgroep Jode oorgebly het na die Ballingskap, maar hulle sou in elk nie 'n beduidende invloed hê in die stad nie. Die Jode was soos Jona (4:2): Hulle was eksklusief. Hulle wou nie hulle godsdienste deel met ander nie.

Nineve was die hoofstad van 'n moondheid, die Assiriese ryk. Hulle was gewelddadige oorwinnaars. Hulle het min respek gehad vir die volkere wat hulle oorwin het. Hulle het eenvoudig net oor Israel gestorm. Hulle sou gewoonlik ook die gode van so 'n nasie as minderwaardig beskou en allermens reken dat hulle in so 'n God moes glo. Ons kan aanvaar dat hulle wel geweet het wie die Here is, maar hom nie aanbid nie. Inteendeel, hulle het 'n uitgebreide godendom gehad, 'n god vir elke smaak en geleentheid. In die visie van die man op straat

sou die God van die Hebreërs net 'n klein plekkie kon inneem in hulle voorstelling van die godewêreld.

Maar, hulle glo in God. Hulle kom tot insig van hulle sondes, tot berou, en hulle bekeer hulleself!

Hoe so?

'n Mens sou kon praat van die boek Jona as die *boek van God se onweerstandelike wil*. 'n Mens kan hom nie teen God verset nie! Jona kon nie wegvlug nie, hy kon nie eers doodgaan sonder dat God dit wil hê nie, en hier is hy aan die preek soos God dit wil! God se wil gaan ook oor die Nineviete in vervulling: 1:2: "Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is." (NV) In die OAV: Hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig.

Die Here verdra nie boosheid nie. Van niemand nie. Daarom wil Hy iets daaraan doen. Hy wil dit uit die weg ruim. En soos Hy altyd maak, kom dit nie as 'n verrassing nie. Hy sê wat Hy wil doen en dan doen Hy wat Hy sê. So was God vas van plan om hierdie stad uit te wis, tensy hulle hulleself bekeer. Maar Hy is ook 'n genadige God! (3:10) Hy waarsku. Hy bring sy profeet op 'n besondere wyse tot hier om te preek en die komende oordeel aan te kondig.

En hulle glo! Hulle glo in die ware bestaan en vermoë van die enigste ware God. En hulle glo sy profeet. Hulle herken die prediking as egte en ware woorde wat van God kom.

Hoe kon hulle glo en tot hierdie insig kom? Daar is geen manier waarop die mens so 'n 100% omkeer kan maak, so van wil verander, so 'n ander weg inslaan as die Heilige Gees dit nie in die mens teweegbring nie.

In kiem, in beginsel sien 'n mens alreeds hier wat later so duidelik op Pinksterdag gebeur het: Die Evangelie breek en stroom oor die walle van die Joodse dam. Hulle wou dit terughou, maar God laat Hom nie inperk nie. Hy wil vir hom 'n volk bymekaarmaak wat in Hom glo, hulleself verootmoedig en werklik hulleself sal inspan om aan hom gehoorsaam te wees. Hy soek 'n volk wêreldwyd wat Hom sal aanbid. Nie net die mense wat in die verbond gebore is is sy kinders nie, Hy vergader Sy kinders waar en wanneer Hy wil!

Die Gees maak hierdie insig in die mens wakker. Die Gees spreek jou gewete aan, Hy verlig die mens van binne-af om af te sien van sy eie vooroordele en insigte. Hy maak in die mens die hoop op verlossing en 'n Verlosser wakker. Hy laat die mens brandend verlang na uitkoms en verligting: Jona 3:9 "Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie."

Wanneer God dan genade betoon, besluit om Homself nie in Sy woede en toorn te openbaar nie, dan is dit genade wat Hy in Sy Seun aan die mens betoon.

Toe Jona diep onder in die see was, by die fundamente van die berge met seegrass om sy kop gewoel, het dit gekom. Dit kom, dit kom, hier kom dit, hier kom dit .... die kruis op Golgotha!

En hier staan hierdie ontsaglike groot stad ook onder die kruis, onder die genade wat God berei vir die sondaar wat van Hom afhanklik is. In Sy Seun Jesus Christus breek die Here met die profetiese oorsaaklikheid dat die sonde altyd om straf roep: Daar is genade vir 'n sondaar. Daar is 'n genadige God! En 'n ware en egte Verlosser om in te glo!

### **3. Wat maak ons met die Evangelie/Wat maak die Evangelie met ons?**

In Nineve het daar 'n volksbekering plaasgevind. Almal, met 'n koninklike wet en al het hulle verootmoedig en voor die Here berou betoon. Selfs hulle diere is hierin betrek (vgl 4:11).

... Maar, dit het nie verder gegaan nie. Vir die oomblik het hulle geglo, maar dit het nie verder ontwikkel nie. Nie lank na hierdie gebeure nie, is Nineve in elk geval met die grond gelykgemaak en het die plek 'n onbewoonde ashoop geword. Daar het ruïnes oorgebly, enkele hope, waarvan die een nog die naam *Nebi Yunus* (die profeet Jona) behou het. Hierdie verwoesting is deur die profete Nahum en Sefanja geprofeteer en beskryf.

Wat maak jy met die Evangelie wat aan jou verkondig is? Of eerder: Wat maak die Evangelie met jou? 'n Onbesproke getroue gelowige? Wat weglug van die kwaad en jouself daaglik verootmoedig vor God? Of, slaan die ruïnes van jou geestelike gesteldheid meer deur as die beeld van Christus in dit wat jy dink en doen en sê? Het ons dalk in die prediking oor baie jare te veel vertel van die onbegrensde barmhartigheid en genade van die Here in Sy Seun en te min van Sy heiligheid? Is dit waarom daaglikse bekering en persoonlike heiligmaking so laag op die prioriteitslys lê?

Die Here wil nie net aanbidding sien as ons 'n dag van verootmoediging uitroep in geval van 'n nasionale ramp nie. Hy wil die egte en opregte, voortgaande dankbaarheid sien van Sy dankbare kinders! Van mense wat tot geloof kom, hulle geloof bely en lewe soos hulle belof het. God is nie net die God van nood nie, Hy is en bly die Here van dag tot dag wat verwag dat ek met Hom sal leef!

Ons moet ons oë oopmaak, en besef wat om ons aangaan. Die slap houding wat ons mense inneem en die "gees van Afrika noem" het nie plek in die koninkryk van die hemele nie. God verwag nog steeds van ons dat ons as Christene sal leef en werk op die plek waar jy deur Sy beskikking is en woon. Allermens pas hierdie houding in die kerk van die Here! Hier verwag Hy juis reaksie op Sy Woord, dadelik, op grond van een Woord uit Sy mond! Bekering op grond van een preek! Anders moet ons nie verbaas wees as profetiese oorsaaklikheid ons juis tref en die sonde werklik gestraf word nie.

Oop oë, en oop ore. Luister na Sy Woord. Dit word tydig en ontydig verkondig.

'n Oop gemoed, wat werklik aandag gee aan die stem in jou gewete!

'n Lewe aan my God gewy vir wie ek liefhet met my hele hart, my hele en siel en verstand en al my kragte!

AMEN

Lof: Psalm 92:1,6

By gebed: Psalm 13:1,3,5

Slot: Psalm 66:2,4